



Dordt-Nuus



Gemeentebld Dordt Gereformeerde Kerke Orania en Alma (Los van GKSA) November 2024

ORANIA

Eredienstye: Sondag: Oggend: 10:00. Saterdag: Aand: 18:00, winter 17:30.

Katksiasie: Sondag: 8:45

Posadres: Posbus 13, Orania 8752;

Kerkplek: CVO Skool Auditorium Orania

Skriba & Attes. Skriba: Oudl. Gerd Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985. e-pos: glerasmus@ncwnetonline.co.za of glerasmus@oranet.co.za Kassier: diaken Antonie Havinga 084 512 0146 & e-pos: antonie@itec.co.za

ALMA

Eredienstye: Sondag; oggend: 10:00

Katksiasie: Sondag: 12:00

Posadres: Posbus 62, Thabazimbi 0380

Kerkplek: Plaas Boekenhoutspoort Alma

Skriba & Attes. Skriba: oudl. Boeta Erasmus 079 099 6887 e-pos: erasmusboeta@gmail.com ;

Kassier: Kassier: diaken Frans Voster 082 342 8637 & e-pos: dordtgereformeerdekerkalma@gmail.com

Skrifoorndenking

Johannes die Doper

Prof. L. Floor (uit: Die Betroubare Woord – Kom na My, Matt.1-13, 1981:32-33)

Lees: Matt.3:1-10

Johannes die Doper is die herout wat voor die Koning uitgaan. Johannes moet die volk op die koms van sy Koning voorberei. Dit doen hy deur sy prediking. Tegelyk moet hy die Messias op sy nuwe weg stel. Dit doen hy deur die Messias te doop.

Johannes se prediking trek saam in die verkondiging dat die koninkryk van die hemele gekom het (3:2). Matthéüs sluit hom aan by die laat-Joodse taalgebruik en spreek nie soos Markus en Lukas van die koninkryk *van God* nie maar van die koninkryk *van die hemele* – hoewel die betekenis dieselfde is.

* *Johannes bring koninkryksprediking.* Die kernbegrip koninkryk van God het 'n wye skakering van betekenis. Die eerste en belangrikste is wel dat God Koning is. Die koningskap van God, die Koning-wees van die Here word in hierdie begrip tot uitdrukking gebring.

Die woord koninkryk dui vervolgens ook op die ryksgebied van die Koning. Ten slotte word met die woord koninkryk ook bedoel die seëninge wat in God se ryksdomein geniet word: vrede, geregtigheid, vreugde, saligheid (Rom.14:17).

Johannes verkondig dus die Koning-wees van die Messias wat kom. In hierdie lig moet ons sy oproep tot bekering sien (3:2). Hulle moet hulle bekeer, nie sodat die Messias kan kom nie, maar omdat die Messias kom.

* *Verder bring Johannes oordeelsprediking.* Die Koning wat kom, sal met die byl en met vuur kom (3:10-12). Sy oordeelsprediking is gerig tot die kinders van Abraham (3:8). Die verbondsvolk word in hulle leiers aangespreek (3:7).

Johannes se oordeelsprediking behoeft nie vreemd op die ore van die volk te val nie. Verskillende elemente uit sy gerigsprediking vind ons in Deut. 32 terug. Hierdie hoofstuk was baie bekend by die Jode. Elke sabbat is dit in die Joodse liturgie in die sinagoge gesing.

Let op die *rots of klippe* (3:9; Deut.32:18;

Die verwysing na die *adder* (3:7; 32:33);

die *vrugte* ((3:10; 32:32);

die *vuur* (3:10-12; 33:22).

Volgens die evangelis Johannes is Jesus nie alleen die een wat die oordeel bring nie. Hy is ook die een wat die oordeel self gaan dra (Joh.1:29,36).

* * * * *

Seënbede

ORANIA

Verjaarsdae: Die volgende br's en sr's wat in November verjaar, word die rykste seën van die Here toegebid op die nuwe jaar wat vir hulle voorlê: Herman Havinga 2de; Karin Tomlinson 13de; Wikus Venter 25ste, en Lucy Morgan 30ste.

ALMA

Verjaarsdae: Emil de Villiers (jnr) wat die 10^{de} verjaar word die rykste seën van die Here toegebid.

* * * * *

Lief en leed

ORANIA

Eksamen: Elkeen wat in hierdie tyd eksamen skryf, word die Here se bystand en seën toegebid op die verantwoording van die jaar se

harde arbeid in die roeping waarin die Here julle geplaas het. Sterkte!!

Verlowing: Br. Jaco Venter, Orania, en sr. Rencia Vorster, van Alma het die 8ste Oktober verloof geraak. Ons wil hulle hartlik gelukwens en die seën van die Here toebid vir die toekoms.

* * * * *

Omdat daar heelwat gemeentes is wat die T.T. Cloete en koe se omdigting in hulle eredienste sing, het die redaksie dit goed gedink om Bylaag A uit Skrifgesag Deel 2 van Jeanette Erasmus, bl. 361-387, in die volgende paar aflewings van Dordt-Nuus weer te gee.

Bylaag A

Psalm-omdigting: vrugte van die 1983/92 Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV)

Aartjie na sy vaartjie – Soos die boom só sy vrugte

Inleiding

Omdat die Psalmberyming van Totius argaies sou wees (net soos die 1933-Bybel), is verskillende mense aangewys om die Psalms weer van vooraf vir sang gereed te kry. Die werk aan dié “psalm-omdigting” is hoofsaaklik deur prof. T.T. Cloete gedoen. Van Lina Spies en Antjie Krog is ook ’n paar “omdigtings” in die bundel opgeneem.

Die vraag wat deur talle gelowiges gevra word, is of T.T. Cloete die regte persoon was om so ’n “omdigting” te doen. Hy is ’n letterkundige met geen besondere kennis van die oorspronklike Bybeltale nie. As digter is sy “digwerk dikwels aards, platvloers, banaal en soms selfs afstootlik; by herhaling val die aksent op die seksuele en erotiese en word mens en dier se geslagsorgane skerp belig” (Richter, F., *Kerkverraad*, 2003:231,232), sodat dit nie geskik is om dit hier te plaas nie [oortreding van die 7de gebod en gevolglik ook die 3de en 10de gebod]. In 1998 het ’n digbundel van hom, *Uit die hoek van my oog*, by Tafelberg uitgewers verskyn waarin hierdie tipe vulgêre gedigte opgeneem is, min of meer in die tyd toe hy aan die “psalm-omdigting” gewerk het.

Antjie Krog en Lina Spies het ook geen kennis van die Bybelse grondtale nie. Antjie Krog is in lyn hiermee ook welbekend vir haar vulgêre, erotiese en platvloerse gedigte. Lina Spies wys in INSIG, Des. 2003 duidelik haar kleure. Sy maak die volgende verklaring nadat sy die “psalm-omdigting” voltooi het: “Ek het ’n nuwe ervaring van Jesus, van sy menslikheid. Hy is nie vir my God nie”. Sy twyfel ook aan die maagdelike geboorte en sê: “Ek glo Hy het gelewe, maar as ons glo Hy is maagdelik gebore kan Hy so maklik net nog ’n mitologiese figuur word, want daar is naas die Bybel ook ander ou geskrifte met verhale van maagdelike geboortes”. Die vraag kom by mens op, hoe is dit moontlik dat iemand wat nie in die God van die Bybel glo nie, met die omdigting van die Psalms kon meedoen en daarmee vertrou kon word? Dit is ook onverstaanbaar dat sy in die kerklike kommissie vir die omdigting van die Psalms kon dien.

Diegene wat die omdigting verdedig, doen dit soos opgesom die Acta, GKSA, 2003:650:

- “Die besware teen die digters op grond van hulle ander werke (p.54) is byna **skrikwekkend in die vertoon van onkunde**. Die aangehaalde gedigte is radikaal verkeerd verstaan en **as dat net heiliges** aan so ’n projek mag werk, sou daar nooit enige omdigtings gemaak kon word nie. Nogtans sal hierdie saak genoem en duidelik gemaak moet word, aangesien mense die omdigting by wyse van assosiasie daardeur verdag maak. As gevolg daarvan **sal die omdigting onaanvaarbaar gevind word op grond van menings en gerugte wat versprei word, terwyl dit vir enigene met selfs geringe literêre kennis duidelik is dat die standpunte ongeldig is**.
- “Die feit dat verskillende kerke en individue verskillend op spesifieke taalkundige en poëtiese aspekte reageer en dat daar telkens ander probleme en ander voorbeelde genoem word in die kommentaar, toon dat **’n mens nie aan die besware gevolg kan gee nie**. Wie se mening gaan gevolg word in die nuwe redigering? **As elke woord weer gekontroleer moet word, word die hele projek immers gewoon herhaal**. Dan sal daar nuwe besware en probleme na vore kom.” (beklemtoning – JCE)

Enkele opmerkings oor hierdie uitsprake:

- Diegene wat die boom aan sy vrugte oordeel word afgemaak met die uitspraak dat hulle “**skrikwekkend vertoon in hulle onkunde**”. Die beswaarmakers word belaglik en onkundig voorgestel - ’n ou tegniek van die Satan. Dis ’n uitspraak van selfverheffing en selfregverdiging wat vanuit ’n selfgemaakte verhewe kennis-plafon gemaak word en diegene wat nie saamstem nie is diegene wat daar onder in hulle “onkunde” rondploeter. As sou die onkundiges bv. die sekulêre gedigte waar seks en die geslagsorgane sentraal staan nie verstaan nie. Om enige literêre werk wat nie tot Gods eer is, en selfs tot sy oneer is, kuns te noem, is blatante oortreding van die 3de gebod en daarom is dié “kuns” dan ook nie kuns nie, maar antikuns. Dit is waar dat net “heiliges” toevertrou behoort te word om projekte wat met Bybelvertaling en psalmberyming te doen het te behartig. Heilig beteken “afgesonder vir die HERE” en sy hele lewe moet daarvan getuig. “Heilig” beteken nie, soos hierbo deur die deputate sarkasties gebruik/geimpliseer, “sondeloos” nie. So kry ons weer die “geleerdheid” wat bo die Woord staan, tipies gnosties.

- Sang in die erediens moet tot God se eer en tot Hom gerig wees. Die Heidelbergse Kategismus v/a 91sê dit duidelik: “Wat is goeie werke? Antwoord: Slegs dié wat uit ‘n ware geloof, volgens die wet van God tot Sy eer gedoen word, en nie dié wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie.”

In die omdigting is dit duidelik dat Christus o.a. daaruit is, en is dit gevolglik nie tot Sy eer nie, en daarom nie geskik om gesing te word nie. Daar word selfs so ver gegaan om te **weier** om dit wat tot oneer van God is, reg te maak, omdat die hele projek dan oorgedoen sal moet word. Rom.1:22, 28, 32 sê: “Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword...En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan ‘n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaamlik is nie... mense wat – al ken hulle die verordeninge van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.” Dit is selfdiens waar gedenktekens opgerig is deur eiesinnigheid wat ‘n sonde van afgodery is (1 Sam. 15:12, 22-23). ‘n Mens kan vra: As die gesag, Christus, die Messias, uit die Psalms weggeneem is, die wraak-psalms onherkenbaar vermink (wraak op God se vyande) word, aan wie word lof gesing wanneer die nuwe omdigtings gesing word? Aan die mens? Want wat bly oor? Satan?

Die Bybel sê duidelik in Mat.12:33-37 en ook in Mat.7:15-20 dat die boom aan sy vrugte geken word en die vrugte aan die boom: “Julle moet òf die boom goed maak en sy vrugte goed, òf julle moet die boom sleg maak en sy vrugte sleg; want aan die vrugte word die boom geken.... Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word.” Die vrugte wat hierdie digters in die sekulêre digkuns gemaak het, lyk soos die Psalm-omdigtings wat hulle gemaak het - in albei is Christus daaruit, in albei gaan dit nie tot eer van God nie. Bv. ons kan tog nie sê in die week is dit in orde om kru taal te gebruik - dien ons die wêreld - maar Sondae dien ons die Here, dan mag ons nie vloek nie. Is dit ‘n beeld van ‘n Christen? Dis sinkretisme, die dien van twee gode, God en Mammon (Mat.6:24; Luk.16:13). Jakobus sê duidelik : “So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie” (Jak.3:12).

In sterk teenstelling hiermee was Prof. J.D. du Toit (Totius) ‘n digter en ‘n teoloog van formaat wat ten volle op hoogte van die oorspronklike Bybeltale was en as die siel van die 1933-Afrikaanse Bybelvertaling beskou is. Hy was ook betrokke by die hersiening daarvan in 1953. Totius se Psalm-berymings word al die afgelope paar dekades in die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis gebruik en met liefde gesing. Totius was ‘n opregte en nederige gelowige, geroepe godsman, Bybelvertaler én digter en toegerus vir die taak wat hy op sy skouers geneem het, en elkeen kon dit uit sy daaglikse lewe sien. Die grondtoon van Totius se poësie was tot God se eer, ‘n weemoed oor die smartlike verlede en lyde van o.a. die vrou, sy droefheid oor sy kinders wat vroeg gesterf het, oor sy volk, en so meer (vgl. *50 gedigte van Totius* en *Passieblomme* en *Skemering* ens). Maar in hierdie lyding het hy die Raadsplan van God wat alles bestier, gesien. Hy was ‘n nederige, besielde profeet en volksman, die siener aan wie agter die uiterlike skyn die geestelike waarheid en ‘Godsbesluite’ openbaar is. Uit sy gedigte en sy lewe straal sy geloof in sy Heiland en Verlosser, helder en duidelik.

Prof. Cloete erken dat “as die Messias ‘weggedig’ is uit hierdie omdigtings van die Psalms, dan is die Messias reeds so ver terug as die 1983-Bybelvertaling ‘wegvertaal’ of ‘uitvertaal’ uit die Psalms wat opgeneem is in die nuwe Afrikaanse Bybel.” “Maklike gevalle om dit vinnig te toets , is Ps.2 en 110. Ek kan my nie herinner dat daar destyds dieselfde besware teen die Psalms in die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling gewaag is nie.” **“As die Psalms in die liedboek afgewys word, moet die Psalms in die nuwe Afrikaanse vertaling van Die Bybel egter ook afgewys word.”** (*Beeld*, 16 Jun.2003).

“Prof. Cloete voer aan [erken] dat, indien die heenwysings na Christus in die Ou Testament nie in die nuwe Psalm-omdigtings voorkom nie, die rede daarvoor nie is omdat hy dit weggelaat het nie, maar omdat dit reeds uit die 1983-bybelvertaling wat hy as grondslag vir sy omdigtings gebruik het, weggelaat is. En daarmee slaan hy die spyker op die kop. Reeds die 1983-Bybelvertaling het, nie net die Psalms nie, maar ook die profetiese boeke, soos Jesaja, heenwysings na die verwagte Messias, wegvertaal” (Jakkie Basson, *Die Afrikaner*, 13-19 Jun.2003). Hiermee saam sê prof. Cloete “dat hy ingelig is dat die ‘jongste navorsing’ daarop dui dat heenwysings na Christus in die Ou Testament onder verdenking staan. En gevolglik nie moes uitkom in die Psalms met die oog op die samestelling van die nuwe Liedboek nie. Hy soek ook verskoning deur te vermeld dat dit nie sy besluit is nie, maar wel dié van die 40 teoloë onder wie se toesig hy die werk gedoen het” (Jakkie Basson, *Die Afrikaner*, Febr. (?) 2003). (Hy kon natuurlik, as hy verskil het, geweier het om verder saam te werk.)

Dit is waar, en Cloete erken dit wat baie predikante en geleerde teoloë nie wil doen nie, nl. dat die “omdigting” ‘n uitvloeisel is van dieselfde Skrif en Godsbeskouing as dié van die 1983-NAV, nl. skrifkrities. Dieselfde miskenning van die Godheid van Christus en Messiaanse profesieë word weggelaat of verswak, wraak-psalms word onherkenbaar vermink, en so meer. As voorbeeld enkele artikels (daar is natuurlik baie meer): Twee mense wat goed vertrou is met die Hebreeuse taal het hulle toestemming gegee dat ek van hulle artikels daaroor in hierdie bylaag mag opneem: ‘n Teoloog van die GKSA en dr. A. H. Bogaards:

(volgende keer verder)

* * * * *

Geref. Kerke in Suid-Afrika van 1890 en verder

Ds Jacob Daniël du Toit (Totius)

Oor sy afkoms en geboorte

Die Du Toit familie van Suid-Afrika se voorgeslagte kom van die Franse stadje Lille wat eers Rijsel geheet het toe dit nog 'n Vlaamse gebied was. Ds. S.J. du Toit verduidelik die oorsprong van die Du Toit-naam soos volg: “Die naam word vroeër **Du Toict** geskrywe en word soos volg deur die familieoorkonde verklaar. Die stamvader was koningsgesind en het in 'n tyd van omwenteling, toe die koning voor sy vyande moes vlug, hom op die solder van sy huis weggesteek. Toe die vyande weer vertrek het, het hy die koning weer na sy leër teruggestuur. As beloning daarvoor het die koning hom tot die adelstand verhef. Die titel wat hy aan hom gegee het was “**du toict**”, **dit** is **van die dak**. Die familiewapen bevat ook drie swaeltjies, diertjies wat soos daardie koning onder die dak skuilig soek. Die Suid-Afrikaanse Du Toits het nie die die swaeltjies op hulle wapen nie. Die wapen wat vandag in swang is in Suid-Afrika, is een wat in ±1940 van die Belgiese adellike Du Toict-familie oorgeneem is.

Op 15 Sept.1690 het Piere du Toit en Marie Rouselle, wat in Lille gewoon het, hul seun Francois in die Gereformeerde kerk aldaar laat doop. Francois het saam met sy broer Guillaume uit Frankryk gevlug nadat Lodewyk XIV op 23 Oktober 1685 die Edik van Nantes (wat vryheid vir die Gereformeerde godsdienste ingehou het) herroep het. Die twee broers het saam met die Franse Hugenote in 1690 in die Kaap aangekom. Die klein bibliotekies wat die Franse Hugenote saamgebring het, het almal dieselfde boeke bevat: 'n Franse Bybel, 'n Psalmboek uit Genève met die Franse Belydenisskrif en Kerkorde – erfgoed van die hervormer Calvyn (d,Assonville, 1993:12-14).

Guillaume en Francois

Die twee broers het in 1690 in die Kaap, op hulle nuwe vaderland, voet aan wal gesit.

Gullaume is met die weduwee Sara Cochet de Klerk (De Clercq) getroud en het 6 dogters gehad waarna die Du Toit-van by hom doodgeloop het.

Dus het net **Francois**, wat 25 jaar oud was toe hy aan die Kaap geland het, oorgebly om die Du Toit-van onder die Afrikaner voort te plant. Hy is op 12 Feb.1690 met Susanna Seugnet, wat saam met hom uit Frankryk gevlug het, getroud. Met hulle 9 kinders, waarvan 4 seuns was, is die Du Toit geslagte in Suid-Afrika gevestig (d,Assonville, 1993:13-14).

Beide die Du Toit-broers was onbeskaamde strydvaarders vir die saak van hulle oortuiging. Guillaume was so betrokke by die verset van Adam Tas teen Goewerneur Willem Adriaan van der Stel dat hy na Mauritius verban is. Deur die terugroeping van die goewerneur het die verbanning gelukkig nie plaasgevind nie (d,Assonville, 1993:15).

Francois het noordwaarts oor die Bergrivier getrek en in Daljosafat sy staan gekry. Die goewerneur het beswaar gemaak omdat die plek buite die grense van die toenmalige kolonie was. Eindelik is die versoek in 1692 toegestaan op 2 voorwaardes:

- 1) Francois moes hom self teen die inboorlinge beskerm en
- 2) Hy moes 1000 gulde betaal.

(In 1917 was die tansportakte nog in besit van die ds. S.J. du Toit se weduwee; hiervolgens was die naam De Kleyne Bos.)

Dit blyk dat Francois dikwels teen die Boesmans wat met die kloof afgekom het, moes veg. So het die naam Du Toitskloof ontstaan, “die kloof waardeur hy hulle vervolg het en wat langs die pad was na Goudini, Worcester en die binneland” (d,Assonville, 1993:15).

Totius

Sowat 2 eeue later is die nasaad van Francois du Toit, Jacob Daniël du Toit, beter bekend as Totius, gebore. Hy is gebore in die pastorie van die die NG Kerk – destyd 'n vleuel van die ou Gimnasium – op 21 Februarie 1877. Sy vader was ds S.J. du Toit die predikant van die NG Kerk Noorder-Paarl en sy moeder Elizabeth Joubert. Sy name het hy van sy oupa se kant van die Joubert-familie gekry. Dit was dieselfde jaar waarin Groot-Britanje die Tranvaalse Republiek geannekseer het... (d,Assonville, 1993:11, 17, 19).

Genootskap van Regte Afrikaners (GRA)

Totius skryf: “Ek is gebore in die geboortedorp van die Genootskap van Regte Afrikaners, nl. die Paarl. Die Genootskap was net 'n paar jaar ouer as ek. Die vergaderings is kort ná die stigting in my geboortehuis gehou, t.w. die noordelike flank van die Paarlse Gimnasium...Die noordelike deel het destyds diens gedoen as pastorie van die Noorder-Paarl-gemeente” (d'Assonville, 1993:19).

Van kindsbeen af was Totius direk betrokke by die GRA en het die eerste stigterslede nog persoonlik geken: “hulle was ons huisvriende – maar weinig het ek toe geweet van die hoë ideale wat die manne besiel het. Eers

later sou ek van hulle strewe kennis neem en daarmee siels-een word.” Op 14 Aug. 1875 was hulle slegs 8 manne, die meeste jonger as 30 jaar, sy vader, familieleden en huisvriende.

Die aanvanklike hoofdoel van die GRA was om die Bybel in Afrikaans te vertaal, sodat alle mense die Woord in hulle eie taal kon lees, maar die doel verbreed gou om Afrikaans in die algemeen te bevorder. Met die 50-jarige fees van die Genootskap van Regte Afrikaners op Potchefstroom in 1925 het G.R. von Wielligh die strewe van die GRA soos volg saamgevat:

“Die doel van ons genootskap is: *Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land*. Hiermee word in kragtige bewoording verklaar, dat die Genootskap drie vestings gaan aanval – drie verstings wat aan die Afrikaners behoort, maar deur hulle nog nie ingeneem is nie. Met ander woorde, die Genootskap organiseer om ‘n letterkundige, ‘n kulturele en politieke stryd – kom wat wil – hardnekkig deur te veg. Doelbewus het hulle die plan opgeneem om uit hulle spreektaal ‘n skryftaal te ontwikkel, om die onbevoorregte en verengelsde volk tot die besef van eie waarde en selfrespek te bring, en om die volk op te voed om hulleself te kan regeer. Voorwaar, ‘n reuse onderneming deur ‘n genootskap waarvan die meerderheid van die lede onder dertig jaar was, en dit sonder geld of invloed. Maar hul vertroude vir die goeie saak was op God, die bestierder van alles wat bo en onder die son geskied. Vir dié doel het elke lid gereeld op ‘n vasgestelde uur eenmaal per week hom in eensaamheid afgesonder.” (d’Assonville, 1993:23).

“Blaai ‘n mens deur Totius se geskifte, dan kom jy baie gou agter: hy en die GRA het saam opgegroeï; hulle was feitlik kinders onder dieselfde dak: hulle lewensbeskouing is uit dieselfde bron gevoed; hulle doeleindes het in dieselfde stroom saamgevloei. Die Afrikaanse taal en kultuur, die Christelike onderwys en die Bybel in Afrikaans, is die dinge waarvoor die GRA en Totius gestaan het” (d’Assonville, 1993:23).

Totius se jeugjare en opvoeding - oorsigtelik

Hy het gedurende sy hele skool- en studietyd nooit onderrig aan ‘n staatsinrigting ontvang nie. Sy vader, ds S.J. du Toit, was daarteen en het al in die Patriot van 24 Des.1880 die vereistes vir ‘n Christelike Hugenote-Gedenkskool soos volg aangestip:

Dit moet ‘n regte Afrikaanse skool wees waar alles vir ‘n “beskaafde opvoeding” deur medium van die Afrikaanse taal moet geskied;

dit moet ‘n regte *Hugenote* skool wees waar die tradisies van “onse vrome voorouers so veel moontlik geëerd, bewaard en opgewek word by hulle nageslag”;

dit moet ‘n regte *Christelike* waarin die Bybel ‘n ereplek moet hê en dit die grondslag van die onderwys moet wees;

dit moet ‘n regte *Gereformeerde* skool wees waarin die suiwer leer van jongs af leer ken en bely word en geleer word om die Psalms te sing;

dit moet ‘n regte *Normaalskool* wees om die onderwysers vir die Boerebevolking op te lei;

dit moet ‘n regte *Koskool* wees waarheen die ouers uit verskillende dele van die land hulle kinders met vertroude vir veilige toesig kan stuur;

dit moet ‘n regte *Vrye skool* wees, vry van staatsonderhoud en staatsbeperkings;

dit moet ‘n regte “*Goedkoop*” skool wees sodat selfs die armes se kinders in die “nederige lewenswyse en eenvoudige sede van ons voorouers” kan opgevoed word – kos en kleding eenvoudig maar goed;

dit moet ‘n regte *Gedenkskool* wees waarin die erfenis van die Hugenote [o.a. gedenkstukke, geslagsregisters] bewaar kan word.

Dit het nie by woorde gebly nie. Op 1 Febr.1882 is die Hugenote-Gedenkskool op die plaas Kleinbosch geopen. Oom Lokomotief (D.F. du Toit) het as redakteur die leiding geneem. Op 14 Maart 1883 is nuwe sierlike dubbelverdieping in gebruik geneem (d’Assonville,1993:31).

- Toe ds S.J. du Toit Superintendent van Onderwys van die Suid-Afrikaanse Republiek word, vestig die gesin hulle in Maart 1882 in Pretoria op die plaas Rietfontein. Nie lank daarna is ds S.J. du Toit se vrou oorlede. Die kinders was baie hartseer met die afsterwe van hulle moeder (G. Dekker, *Totius Digter en Profeet*, P.J. Nienaber, 1948:30, 31, *Uit Totius se jeug*, Die Huisgenoot, 21 Febr.1947; Wikipedia; d’Assonville, 1993:28,29).
- In 1884-85, gedurende ds S.J. du Toit se reis as deputasielid na Europa, was sy twee seuns, Dawid en Japie, op die Gedenkskool op Daljosafat. Waar sou die kinders bly in hulle vader se afwesigheid? Reeds die vorige jaar in Sept.1883 het ds Du Toit vir die kinders reëling getref. Die twee dogters, Bettie en Marie, sou na hulle ouma Joubert in Stellenbosch gaan en die seuns, Dawid en Japie, na hulle ouma Du Toit op die familieplaas Kleinbosch in Daljosafat, buite die Paarl.

In September 1883 het die seuns vir die eerste keer in die *Hugenote-Gedenkskool* onderwys ontvang. Hulle vader ds S J du Toit is op 8 Julie 1885 weer getroud met mej Anna Francina Malan van die Paarl. Einde Julie 1885 is al 4 die kinders weer terug in Pretoria waar hulle vader sy werksaamhede hervat. Japie was toe al 8 jaar

oud. Die aanpassing was in die begin moeilik. Die kinders was nou weer al vier saam en moes ook verder aan die stiefma gewoond raak. Ds du Toit reël toe dat die kinders in die huis onderrig van 'n baie bekwame onderwyseres, mej Maria Catharina van Nierop, ontvang. Sy is later (1886) met Oom Lokomotief getroud. (d'Assonville: 1993:29,32)

- Van 1888 tot 1890 is die 2 seuns na die Duitse sendingskool Morgenszonne naby Rustenburg.
- Na die gesin se Europese reis, is hulle van 1890 – 94 weer op die Gedenkskool op Daljosafat.
- Daarna studeer Totius privaat vir die matriekeksamen in 1895 onder sy vader se leiding.
- Vanaf 1896 tot 1899 studeer Totius aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool op Burgersdorp en aan die Teologiese Skool self.
- Tydens die tweede vryheidsoorlog word hy Kaapserebel, maar vertrek na Nederland weens siekte. Vanaf 1900 tot 1903 sit hy sy studie voort by die Vrye Universiteit in Amsterdam en voltooi dit met die verkryging van die doktersgraad in teologie met hoogste lof.

Al die inrigtings was vrye skole. "Dit was die konsekwente beleving van ds S.J. du Toit se beginsel dat opvoeding, onderwys, die plig en reg is, nie van die staat nie maar van die ouers..." (G. Dekker, *Uit Totius se jeug*, Die Huisgenoot, 21 Febr.1947, Totius Digter en Profeet, P.J. Nienaber, 1948:30, 31).

(volgende keer verder)

* * * * *

lets oor Bybelvertaling en vertalers

Dr. J.D. Kestell

(15 Desember 1854 - 9 Februarie 1941)

John Daniël Kestell is op Pietermaritzburg gebore. Hy het sy opleiding as teoloog op Stellenbosch en in Nederland ontvang, waarna hy agtereenvolgens die NG gemeentes Kimberley, Harrismith, Ficksburg en Bloemfontein bedien het. Gedurende die Engelse Oorlog vorm hy saam met pres. Steyn en genl. De Wet die vermaarde driemanskap -kerkman, staatsman en krygsman. Leier by uitnemendheid, beklee hy by drie agtereenvolgende sittings van die Sinode van die NG Kerk die amp van Moderator. In 1919 aanvaar hy die



redakteurskap van *De Kerkbode*. Op 65-jarige leeftyd word hy Rektor van die destydse G.U.K. (Grey-Universiteitskollege) - 'n unieke onderskeiding! "As Rektor het hy vir hom as ideaal gestel om aan die GUK 'n eie karakter te gee, nl. wat eie is aan die Vrystaat en sy mense, d.w.s. Christen-Afrikanerskap, en om die inrigting so gou moontlik tot 'n selfstandige universiteit te voer." (Prof. M.G.E. van Schoor)

Vader Kestell, die beminlike, pragtige mens, was Vrystater tot in sy voetsole en gelowige vaderlander in murg en been. In So 'onthou ek hom' prys D.F. Malherbe "sy blymoedige, gelowende hart, sin vir humor, liefdevolle begrip van ander, klein of groot, sy ewewigtigheid, sy sagte, vergewende oordeel, sy vroomheid, getemper deur nugtere insig, die groot omvang van sy belangstelling, sy innige liefde vir die medemens - kortom, Christenmens van die hoogste orde". **Al hierdie eienskappe van Vader Kestell het bygedra om hom 'n waardige en geërde lid van die span te maak wat die Bybel in Afrikaans moes vertaal, ook as een van die eindvertalers.**

Die naam van sy huis was Ruimte, en die boodskap van sy leweskop ruimte in die gees van sy dankbare volksgeenote wat hulle ekonomiese opheffing in 'n groot mate aan die Reddingsdaadaksie van Vader Kestell te danke het.

Hy is oorlede op 9 Februarie 1941 en begrawe aan die voet van die Vrouemonument in Bloemfontein.